**Ek gee julle 'n nuwe gebod**

**Joh 13:33-38**

**5 Oktober 2025**

1. Vantevore: Judas Iskariot se teenwoordigheid in die bovertrek was vervulling van 'n OT profesie, en het gelei daartoe dat die Here Jesus die dissipels vooraf kon waarsku, en dit het hulle geloof dat Hy die "Ek is" is, versterk. T.s.v. die Here Jesus se liefdeshandeling teenoor Judas, het hy volhard met sy bose plan, en is hy na hy die brood geëet het, die donker nag in. Toe het die Here Jesus gesê: "Nou is die Seun van die mens verheerlik, en God is deur Hom verheerlik" – Judas se verraad begin die verheerliking van die Here Jesus.
2. "Ek is nog net 'n kort tydjie by julle" (Joh 13:33)
    a. Die Here Jesus spreek die oorblywende dissipels aan as "My kinders" – vol deernis
    b. Na 'n kort rukkie gaan die Here Jesus weg: Sy weggaan kan óf na Sy sterwe óf Sy hemelvaart verwys
    c. Wanneer Hy weggaan, sal die dissipels Hom soek, maar hulle kan nie gaan waar Hy gaan nie
    d. Jesus het dit al vir die Jode ook gesê:
        - Joh 7:32-34 – Die Fariseërs sal Hom soek, maar nie vind nie
        - Joh 8:21 – Die Jode sal Hom soek, maar in sonde sterf
    e. Daarteenoor: Die dissipels sal Hom ook soek, en al kan hulle nie saam met Hom gaan nie, kan hulle Hom vind en sal nie in sonde sterf nie
3. "Ek gee julle 'n nuwe gebod" (Joh 13:34-35)
    a. Nuwe gebod: "Julle moet mekaar liefhê, soos wat Ek julle liefgehad het"
        - Die Here Jesus se liefde is tot die uiterste toe (Joh 13:1)
    b. Bestaande gebod: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself"
        - Geld al in OT – Lev 19:18
        - Die Here Jesus het dit bevestig – Mark 12:29-31
        - Paulus het dit later weer bevestig – Rom 13:9, Gal 5:14
    c. Wat is nuut in die nuwe gebod?
        - Die fokus van die liefde: Nie naaste nie, wel mekaar = medegelowiges (vgl Joh 13:1, Eseg 36:26-27)
        - Die standaard van die liefde: Nie selfliefde nie, wel die Here Jesus se liefde = tot die uiterste toe
    d. Uitvoer van nuwe gebod is 'n getuienis na alle mense (Joh 13:35)
4. "Waarheen Ek nou gaan, kan jy My nie nou volg nie" (Joh 13:36-38)
    a. Petrus wil die Here Jesus <u>nou</u> volg, maar die Here Jesus sê hy sal Hom <u>later</u> volg
    b. Petrus is selfs bereid om <u>nou</u> saam met die Here Jesus te sterf, maar die Here Jesus sê Petrus gaan Hom <u>nou</u> (voor die haan kraai) verraai
    c. As die Here Jesus se weggaan Sy sterwe is: Petrus kan nie saamgaan en sterf nie, want die Here Jesus moet eers geregtigheid bewerk, ook vir Petrus se verloëning. Later sal Petrus wel sterf (volg) – nie as verlosser nie, maar as martelaar
    d. As die Here Jesus se weggaan Sy hemelvaart is: Petrus kan nie saamgaan nie, want hy is nie heilig nie, immers gaan hy nog die Here Jesus verloën. Later sal Petrus wel ook opgeneem word in heerlikheid – na heiligmaking en na hy sy roeping (soos onderhouding van nuwe gebod) nagekom het
5. Opsomming
    a. Ons moet ons naaste liefhê soos onsself, en ons medegelowiges soos die Here Jesus